

1 November 2021

Hebreërs 3:1-19

Oordenking: Hardkoppigheid en 'n verkeerde gesindheid. (Hebreërs 3:7-15)

Die Bybel waarsku ons om nie ons harte te verhard, of hardkoppig te wees nie. Hardkoppigheid beteken dat ons teen God gekant is - soveel so, dat ons nie meer na Hom kan gaan om gered te word nie. Hardkoppigheid begin as 'n mens weet wat God se wil is, maar weier om dit te doen. Die Israeliete het hardkoppig geword toe hulle geweier het om God se bevel dat hulle die beloofde land moes inneem, te gehoorsaam. Ons moet seker maak dat ons aan God se Woord gehoorsaam is, en nie hardkoppig word nie.

2 November 2021

Hebreërs 4:1-16

Oordenking: Die krag van God se Woord. (Hebreërs 4:12)

God se Woord is nie net woorde wat van God af kom om idees oor te dra nie. Dit is lewend en dinamies en dit verander ons lewens ingrypend as dit in ons werk. Met dieselfde sekerheid as 'n chirurg se mes, wys dit vir ons presies wie en wat ons is, en nie is nie. Dit onderskei die goed en die kwaad wat daar in ons is. Ons moenie net na Sy Woord luister nie, maar dit toelaat om ons lewens te vorm.

3 November 2021

Hebreërs 5:1-14

Oordenking: Volwassenheid teenoor onvolwassenheid. (Hebreërs 5:12-14)

Ons moet leer om tussen goed en kwaad te onderskei - dan sal ons van "baba-Christene" tot "volwasse Christene" kan groei. Ons moet ons gewete, sintuie, gedagtes en liggame deur oefening en herhaling leer om tussen reg en verkeerd te onderskei. Herken jy die versoeking voordat dit jou oorval? Kan jy die regte aanwending van die Skrif onderskei van 'n verkeerde of oppervlakkige gebruik daarvan?

4 November 2021

Hebreërs 6:1-20

Oordenking: Die sekerheid van God se beloftes. (Hebreërs 6:13-15)

God se beloftes verander nie en ons kan op hulle vertrou, want God verander nie en ons kan op Hom vertrou. Toe Hy belowe het dat Abraham 'n seun sou hê, het Hy "dit met 'n eed by Homself bevestig." Daardie eed het net soveel beteken as Sy naam; en Sy naam het net soveel beteken as Sy Goddelike natuur. God is waarheid, daarom kan Hy nie lieg nie. Omdat Hy die waarheid is, kan jy sekerheid hê oor Sy beloftes en hoef jy nie te wonder of Hy dalk van plan sal verander nie. As iemand opreg soek en in die geloof na Hom gaan, belowe Hy om hom/haar onvoorwaardelik te aanvaar. As jy God met 'n opregte en eerlike hart vra om jou van jou sondes te verlos, sál Hy dit doen. Hierdie versekering moet jou bemoedig en vir jou hoop gee.

5 November 2021

Hebreërs 7:1-10

Oordenking: Melgisedek is groter as die Levitiese priesterskap. (Hebreërs 7:2)

Die skrywer van die Hebreërbrief vertel die verhaal van Melgisedek om te toon dat daar iemand is wat nog groter is as Abraham, die vader van die Joodse volk, en Levi, afstammeling van Abraham. Daarom was die Joodse priesterskap (die priesters was almal afstammeling van Levi), minderwaardig teenoor dié van Melgisedek ('n voorbeeld van Christus se priesterskap). Ons lees in Psalm 110:4 dat Melgisedek vir ewig 'n priester sal bly, want daar is niks bekend oor die begin of einde van sy priesterskap nie. Hy was in Salem (Jerusalem) 'n priester van God nog lank voordat die volk Israel en die Levitiese stelsel bestaan het. Christus is die hoogtepunt van Melgisedek se priesterskap - Jesus is die volmaakte Hoëpriester. Daar is geen groter priester as Hy nie.

6 November 2021

Hebreërs 7:11-28

Oordenking: Jesus is priester verewig. (Hebreërs 7:25)

Wat beteken dit as ons sê dat Jesus volkome verlos? Niemand kan enigiets byvoeg by dit wat Hy gedoen het om ons te verlos nie. Al ons sondes van die verlede, hede en toekoms is vergewe. As ons Hoëpriester, is Christus ook ons Voorspraak, ons Advokaat by God. Die priesters van die Ou-Testament het een keer per jaar voor God verskyn om vir die sondes van die volk te pleit, terwyl Christus voortdurend besig is om by God vir ons voorspraak te doen. Die feit dat Christus by die Vader in die Hemel is, is ons versekering dat al ons sondes betaal en vergewe is. As jy 'n Christen is, onthou dan dat Christus eens en vir altyd die prys vir jou sondes betaal het.

7 November 2021

Hebreërs 8:1-13

Oordenking: Die Ou Verbond teenoor die Nuwe Verbond. (Hebreërs 8:7-12)

Hier word uit Jeremia 31:31-34 aangehaal en die Nuwe Verbond word met die oue vergelyk. Die Ou Verbond het neerslag gevind in die wet. Die nuwe en beter genadeverbond is Christus se aanbod om ons sondes te vergewe en ons deur Sy offerdood na God te neem. Hierdie ooreenkoms het 'n nuwe omvang, want dit sluit nie net Israel en Juda in nie, maar ook al die nie-Joodse volke. Dit het 'n nuwe toepassing, aangesien dit op ons harte en in ons gedagtes geskryf is. Dit bied aan ons 'n nuwe weg na vergifnis, want dit behels nie meer 'n offerdier nie, maar wel geloof. Het jy al deel geword van hierdie nuwe verbond? Het jy al op hierdie nuwe en beter pad begin loop?

8 November 2021

Hebreërs 9:1-10

Oordenking: Die meubels in die aardse heiligdom. (Hebreërs 9:2-4)

Die hoëpriester kon een keer per jaar, op die Groot Versoendag, in die Allerheiligste ingaan om vir die volk se sondes boete te doen. Die Allerheiligste was die binneste deel van die verbondstent. Dit was 'n klein vertrek waarin die verbondsark gebêre is - die kis, wat met goud oorgetrek was en waarin die oorspronklike plat klippe waarop die wet geskryf was, gebêre is. Aäron se kiere en die goue kruik met manna is ook daarin gehou. Die bokant van die verbondsark is die versoendeksel of altaar genoem, en die hoëpriester het op die Versoendag die bloed van die offerdier daaroor gesprinkel. Hierdie Allerheiligste was vir die Jode die heiligste plek op aarde en ander priesters en gewone mense kon nie daar ingaan nie. Die enigste manier waarop hulle dus by God kon uitkom, was deur die hoëpriester wat 'n offer gebring en die bloed daarheen geneem het om daardeur eers vir sy eie sondes, en dan vir die sondes van die volk boete te doen.

9 November 2021

Hebreërs 9:11-28

Oordenking: Die offer onder die Ou Verbond. (Hebreërs 9:22)

Waarom moet daar bloed vergiet word sodat daar vergifnis kan wees? Dit is nie 'n willekeurige besluit wat deur 'n bloeddorstige God geneem is nie. Party mense dink dalk verkeerdlik dat dit die geval is. Daar is geen groter simbool van lewe as bloed nie - bloed hou ons aan die lewe. Jesus het Sy bloed gegee - Hy het Sy lewe gegee - vir ons sondes, sodat ons nie geestelik dood hoef te wees en dus vir ewig van God geskei sal word nie. Jesus is die bron van die lewe, nie van die dood nie, en Hy het Sy eie lewe gegee sodat ons kan lewe. Nadat Hy Sy bloed vir ons gestort het, het Hy seëvierend uit die dood opgestaan en verklaar dat die sonde en die dood oorwin is.

10 November 2021

Hebreërs 10:1-18

Oordenking: Christus het eens en vir altyd gesterf. (Hebreërs 10:3)

Wanneer die mense op die Versoendag bymekaargekom het om te offer, is hulle aan hul sondes herinner, en het hulle van voor af skuldig gevoel. Hulle het vergifnis nodig gehad - die ewige, kragtige en sonde-vernietigende vergifnis wat ons by Christus het. Ons hoef nooit weer aan 'n sonde te dink as ons dit voor Hom bely het nie. Hy het dit vergewe - dit bestaan nie meer nie. Christus se sonde-offer dek alles - daar is geen sonde wat daarvan uitgesluit is nie.

11 November 2021

Hebreërs 10:19-39

Oordenking: Waarskuwing teen afvalligheid. (Hebreërs 10:26)

Mense wat Christus se verlossingsaanbod opsetlik van die hand wys, verwerp daarmee God se kosbaarste geskenk. Hulle verwerp die werk van die Heilige Gees, die Een wat God se reddende liefde aan ons oordra. Hierdie waarskuwing was gerig aan Joodse Christene wat in die versoeking was om Christus weer vir die Joodse geloof te verruil. Dit geld egter vir enigeen wat Christus vir 'n ander godsdiens verruil of opsetlik hulle rug draai op Sy verlossingswerk, as hulle die betekenis daarvan ken. Want daar is geen ander offer vir die sonde wat aanvaar word nie, as slegs die dood van Christus aan die kruis. Daar is geen hoop vir 'n mens wat die evangelieboodskap ken en verstaan, en dit dan opsetlik en doelbewus verwerp nie, want God het geen ander naam onder die hemel gegee waardeur ons verlos kan word nie.

12 November 2021

Hebreërs 11:1-16

Oordenking: Geloof. (Hebreërs 11:1)

Ons geloof word deur twee woorde beskryf: vertrou en sekerheid. Hierdie twee eienskappe moet 'n vaste begin- en eindpunt hê. Die beginpunt van die geloof is dat ons God moet glo - dat Hy is wie Hy sê. En die eindpunt is dat ons in Sy beloftes moet glo - dat Hy sal doen wat Hy sê. Ons glo dat God Sy beloftes sal uitvoer, al sien ons nie nou hoe hulle waar word nie - dit is ware geloof.

13 November 2021

Hebreërs 11:17-40

Oordenking: God toets Abraham. (Hebreërs 11:17-19)

Abraham was gewillig om sy seun op God se bevel prys te gee. God het nie vir Abraham uiteindelik beveel om vir Isak dood te maak nie, want Hy het die opdrag net gegee om Abraham se geloof te toets. In plaas daarvan dat Hy sy seun weggeneem het, het Hy vir hom deur Isak 'n groot nageslag gegee. Dink aan die voorbeeld van Abraham as jy bang is om jou kosbaarste besitting, droom, of mens aan God toe te vertrou. Hy was gewillig om alles vir God te gee, en het meer ontvang as wat hy ooit kon droom. Ons ontvang nie altyd dadelik nie, en ons ontvang dit ook nie altyd in die vorm van materiële besittings nie. Ons beste en grootste beloning wag in die ewigheid op ons.

14 November 2021

Hebreërs 12:1-13

Oordenking: God tug Sy kinders. (Hebreërs 12:5-11)

Wie het sy kind die liefste - die vader wat hom toelaat om dinge te doen wat tot sy nadeel kan strek, of die een wat sy kind reghelp, leer en selfs straf om hom te leer wat reg en verkeerd is? Ons kan op verskillende maniere op dissipline reageer: (1) dit gelate aanvaar; (2) dit in selfbejammering verduur omdat ons glo dat ons dit nie verdien nie; (3) kwaad wees daaroor en verbitterd voel teenoor God, of (4) ons kan dit met dankbaarheid - die regte reaksie op ons liefdevolle Vader - aanvaar. Dit is nooit lekker as God ons reghelp of tug nie, maar Sy tug is 'n teken van Sy groot liefde vir ons. As Hy ons reghelp, moet ons dit beskou as 'n bewys van Sy liefde en ons moet ook vir Hom vra wat Hy vir ons probeer leer.

15 November 2021

Hebreërs 12:14-29

Oordenking: Bou op Christus. (Hebreërs 12:27-29)

Die wêreld sal uiteindelik verwoes word en slegs God se Koninkryk sal oorbly. Die mense wat Christus volg, is deel van hierdie onwankelbare Koninkryk. Ons vertrou kan herstel word deur hierdie verse as ons onseker voel oor die toekoms. Wat ook al hier gebeur - ons toekoms rus op 'n vaste fondament wat nie vernietig kan word nie. Moenie jou vertrou stel in dinge wat vernietig kan word nie, maar bou jou lewe op Christus en Sy onwankelbare Koninkryk.

16 November 2021

Hebreërs 13:1-25

Oordenking: Opregte liefde. (Hebreërs 13:1-5)

Opregte liefde lei tot optrede, tot (1) vriendelikheid teenoor vreemdelinge; (2) meegevoel met gevangenes en mense wat mishandel word; (3) getrouheid aan die huweliksbelofte; en (4) tevredenheid met wat 'n mens het. Maak seker dat jou liefde só groot is, dat dit lei tot gasvryheid, meegevoel, trou en tevredenheid.

17 November 2021

Jakobus 1:1-18

Oordenking: Beproeving maak ons geestelik sterk. (Jakobus 1:2-4)

Ons weet nie wat die verborge dieptes van ons karakter is, voordat ons onself nie eers onder druk leer ken het nie. Dit is maklik om vriendelik te wees as dit goed gaan, maar sal ons nog vriendelik kan wees as ander ons sleg behandel? Ons moenie oor ons beproewings kla nie, maar hulle sien as geleenthede om geestelik te groei. Dank God omdat Hy belowe om in moeilike tye by jou te wees. Vra Hom om jou te help om jou probleme op te los, of vir jou die krag te gee om hulle te verduur. Wees dan geduldig. God sal jou nie alleen laat met jou probleme nie; Hy sal by jou bly en jou deur die beproewings laat groei.

18 November 2021

Jakobus 1:19-2:13

Oordenking: Wanneer ons een wet oortree, oortree ons die hele wet. (Jakobus 2:10, 11)

Dit is maklik om ander se sondes raak te sien, maar ons eie te verskoon of nie eers raak te sien nie. Jakobus sê vir ons dat ons die hele wet verbreek as ons 'n enkele wet oortree. 'n Mens kan nie net 'n stukkie van die wet oortree nie - as jy enige deel daarvan oortree het, is jy skuldig en het jy Christus nodig om vir jou sonde te betaal. Meet jouself, en nie ander mense nie, aan God se standaard. Vra om vergifnis van die sondes wat jy gedoen het, en probeer dan opnuut om jou geloof uit te leef.

19 November 2021

Jakobus 2:14-3:18

Oordenking: Beheer die tong (Jakobus 3:2-3)

Dit is belangrik wat jy sê en nié sê nie. Beheersing van die tong beteken nie net dat jy die regte woorde op die regte tyd sal sê nie, maar ook dat jy beheer sal hê oor die begeerte om dinge te sê wat liever ongesê moet bly. Ons gebruik ons tonge verkeerd as ons skinder, ander afbreek, spog, ander manipuleer, valse leerstellings verkondig, vergroot, kla, vlei en lieg. Voor jy iets sê, moet jy jouself die volgende vrae afvra: "Is dit waar? Is dit nodig? Is dit goed en reg?"

20 November 2021

Jakobus 4:1-17

Oordenking: Ons lewe is soos die oggendmis. (Jakobus 4:13-16)

Dit is goed om doelwitte te stel, maar ons kan deur ons doelwitte teleurgestel word as ons God nie deel daarvan maak nie. Dit dien geen doel om planne te maak asof God nie bestaan nie - want die toekoms is immers in Sy hande. Wat sal jy graag oor tien jaar wil doen? Oor 'n jaar? Môre? Wat sal jou reaksie wees as God sou ingryp en jou planne sou verander? Beplan vooruit, maar moenie té verknog raak aan jou planne nie. Maak God se belange die middelpunt van jou beplanning - dan sal jy nie teleurgestel word nie.

21 November 2021

Jakobus 5:1-20

Oordenking: Job, voorbeeld van volharding. (Jakobus 5:7, 8)

'n Boer moet geduldig wag totdat sy gewasse gereed is vir die oes. Hy kan nie die groeiproses verhaas nie. Maar hy gaan nie vir die hele somer weg en hoop maar dat dit sal goed gaan op sy landerye nie. Hy moet hard werk om 'n goeie oes te verseker. Ons moet op dieselfde manier geduldig wag op Christus se wederkoms. Ons kan Hom nie gouer laat kom nie, maar daar is baie werk wat ons kan doen om God se Koninkryk te bevorder. Die boer en die Christen leef albei in die geloof; albei sien uit na die beloning op hulle harde werk. Moenie leef asof Christus nooit gaan kom nie. Werk getrou om Sy Koninkryk uit te bou, want die Koning sal kom as die tyd daarvoor reg is.

22 November 2021

1 Petrus 1:1-12

Oordenking: Beproeving suiwer ons geloof. (1 Petrus 1:7)

Alle gelowiges wat hulle lig in die duisternis laat skyn, sal so beproef word. Ons moet beproewing aanvaar as deel van die suiweringsproses wat alle onsuiverheid wegbrand en ons op die ontmoeting met Christus voorberei. Beproeving leer ons om geduldig te wees en te ontwikkel tot die soort mense wat God wil hê ons moet wees. As goud verhit word, dryf die onsuiverhede bo-op, en kan dit afgeskep word. Staal word versterk deur dit te verhit. Net so word ons versterk deur beproewings, stryd en vervolging en maak dit ons meer soos Christus - bruikbaar vir God in Sy Koninkryk.

23 November 2021

1 Petrus 1:13-2:10

Oordenking: Ons is lewende stene. (1 Petrus 2:4-8)

Petrus beeld die kerk as 'n lewende tempel uit. Christus is die fondament daarvan, en elke gelowige is 'n steen. Paulus sê dit is 'n liggaam met Christus as die hoof, en elke gelowige 'n deeltjie daarvan. Dié beelde bevestig albei dat die kerk 'n gemeenskap is. Een steen is nie 'n tempel of selfs 'n muur nie; een liggaamsdeel beteken niks sonder die ander nie. Dit is maklik om in vandag se individualistiese gemeenskap te dink dat ons op ons eie kan slaag. Maar onthou altyd dat God ander roep om saam met jou te werk as Hy jou vra om 'n bepaalde taak vir Hom te verrig. As jy saam met ander werk, word jou individuele pogings vermenigvuldig. Soek na daardie mense, werk saam met hulle en bou 'n pragtige huis vir God.

24 November 2021

1 Petrus 2:11-3:7

Oordenking: Lyding is deel van die Christelike lewe. (1 Petrus 2:21)

Daar is baie redes waarom mense ly. Volgens Petrus is lyding deel van die dinge wat God in ons lewe laat gebeur. Christus het nooit sonde gedoen nie, en tog het Hy gely sodat ons vry gemaak kon word. Ons sal dalk ook moet ly as ons Sy voorbeeld volg en vir ander wil leef. Ons moet ons ten doel stel om soos Christus te leef en te ly - kalm en geduldig, en met die vaste vertroue dat God in beheer van die toekoms is.

25 November 2021

1 Petrus 3:8-4:6

Oordenking: Lewe heilig. (1 Petrus 3:15)

Daar is Christene wat glo dat geloof iets persoonliks is wat nie met ander mense bespreek moet word nie. Dit is wel waar dat ons nie luidrugtig en aanstootlik moet wees as ons vir ander van ons geloof vertel nie. Maar ons moet altyd bereid wees om sag en met eerbied te antwoord as enige iemand ons omtrent ons geloof, lewenstyl en Christelike sienswyse uitvra. Kan ander sien dat jou hoop op Christus gevestig is? Is jy bereid om vir ander te vertel wat Hy in jou lewe gedoen het?

26 November 2021

1 Petrus 4:7-5:14

Oordenking: Wees sterk te midde van lyding. (1 Petrus 5:10)

As ons ly, voel dit dikwels asof daar geen einde aan die lyding gaan kom nie. Petrus wys vir hierdie getroue Christene wat die breër perspektief is. Hulle lyding sou, gesien teen die ewigheid, maar 'n baie kort rukkie duur. Party van sy lesers sou in hulle eie leeftyd nog herstel en versterk word; ander sou deur die dood van hulle lyding verlos word. Maar ál God se getroue volgelinge het die versekering van Christus se ewige heerlikheid - 'n vreugdevolle lewe sonder enige lyding; een waaraan daar geen einde is nie.

27 November 2021

2 Petrus 1:1-21

Oordenking: Soek na God en Sy wil. (2 Petrus 1:2)

Daar is gelowiges wat graag God se genade en vrede wil geniet, maar nie moeite wil doen om Hom beter te leer ken nie. Om deel te hê aan die voorregte wat God vir ons gee, moet ons hard werk en volkome op Hom vertrou. As ons wil uitvind wat Sy wil vir ons lewens is, moet ons gehoorsaam wees aan die dinge wat Hy reeds in die Skrif daaromtrent gesê het. Die Skrif moet deel van ons word, dan sal die Heilige Gees ons al hoe meer soos Christus maak. Dan word God se genade en vrede ook werklikhede in ons lewe.

28 November 2021

2 Petrus 2:1-22

Oordenking: Ware vryheid. (2 Petrus 2:19)

Baie mense glo vryheid beteken dat hulle kan doen net wat hulle wil. Maar niemand is ooit in daardie opsig heeltemal vry nie. As ons weier om God te volg, sal ons ons slegte begeertes uitleef en slawe van ons liggaamlike begeertes word. Maar as ons ons lewe aan Christus onderwerp, sal Hy ons uit die slawerny van die sonde bevry. Hy maak ons vry om Hom te dien - en dit is altyd vir ons die beste.

29 November 2021

2 Petrus 3:1-18

Oordenking: Die dag van die Here. (2 Petrus 3:8)

Hierdie gelowiges wat so vervolgd is en bitter graag verlossing uit hulle ellende wou hê, het dalk gedink dat God darem baie lank talm om Sy belofte dat Hy weer kom, na te kom. Maar God stel nie die vervulling van Sy belofte uit nie - Hy is net nie beperk tot ons tyd nie. Jesus wag sodat meer sondaars berou kan hê en na Hom kan gaan. Ons moenie vir Hom sit en wag nie, maar leef met die wete dat die tyd min is en dat daar nog baie belangrike werk is wat vir Hom gedoen moet word. Wees gereed om Hom enige tyd te ontmoet, selfs vandag nog, maar werk asof jy Hom eers oor baie jare terugverwag.

30 November 2021

1 Johannes 1:1-10

Oordenking: Belydenis en Vergifnis. (1 Johannes 1:9)

Belydenis van ons sondes, moet ons vry maak sodat ons gemeenskap met Christus kan hê. Dit moet ons laste ligter en ons gewete skoon maak. Maar party Christene verstaan nie hoe dit werk nie. Hulle voel só skuldig, dat hulle dieselfde sonde oor en oor bely - en dan wonder hulle nog of hulle nie dalk iets vergeet het nie. Ander Christene glo weer dat God hulle wel vergewe as hulle hul sondes bely, maar dat hulle vir ewig verlore sal wees as hulle sterf sonder dat hulle ál hul sondes bely het. Hierdie Christene verstaan nie dat God ons graag wil vergewe nie. Hy het Sy geliefde Seun laat sterf, sodat Hy ons kan vergewe. As ons na Christus gaan, vergewe Hy al die sondes wat ons in die verlede gedoen het, en ook nog gáán doen. Ons hoef nie dieselfde sondes oor en oor te bely nie, en ons hoef ook nie bang te wees dat Hy ons sal verwerp as ons boekie nie elke oomblik van ons lewe skoon is nie. Ons wil natuurlik graag aanhou om ons sondes te bely, maar nie omdat ons dink dat ons verlore sal wees as ons dit nié doen nie. Ons hoop op Christus is vas en seker. Daarom bely ons sondes sodat ons ten volle gemeenskap met Hom kan geniet en volkome vreugde in Hom kan vind.

Opregte belydenis beteken ook dat ons onderneem om nie met daardie sonde voort te gaan nie. Ons bely nie ons sondes opreg voor God as ons dit weer en weer wil doen en net tydelike vergifnis wil hê nie. Ons moet bid dat Hy vir ons die krag sal gee om die versoeking te weerstaan wanneer ons daarvoor te staan kom.